
Johann Friedrich Häszner (1764-1820): Duitse sjirurgyn aan die Kaap

J. Celestine Pretorius

Posbus 70646, Die Wilgers 0041, Republiek van Suid-Afrika

Johann Friedrich Häszner (1764-1820): German surgeon at the Cape Johann Friedrich Häszner was one of many Germans who emigrated to the Cape Colony during the 18th century. He was employed by the Dutch East India Company (VOC) as surgeon ('chirurgyn') and played a significant role in medicine at the Cape. Born in Breslau (Germany) in 1764, he arrived in the Cape Colony in 1785, where he practised as district surgeon ('colonies chirurgijn') at Paarl and subsequently at Graaff-Reinet from 1791 till 1795. The circumstances under which the white colonists lived in that isolated part of the Cape Colony, as well as their medical and health problems, urged him to write a medical handbook for them. Although the book was never published, it contains valuable information of a cultural historical nature and casts light on possible reasons for the heart diseases which are common amongst the descendants of those pioneers. Häszner attached great value to the healing powers of hot mineral waters. From 1804 till his death in 1820 he managed the warm baths at the foot of the Swartberg near the present Caledon. The baths were visited by many people who sought relief from ailments such as gout and rheumatism.

Johann Friedrich Häszner was een van 'n groot aantal Duitsers wat in die 18de eeu in diens van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) na die Kaap gekom het. Hier het hy 'n betekenisvolle rol op die gebied van die geneeskunde gespeel. Häszner is in 1764 in Breslau (Duitsland) gebore en het in 1785 na die Kaap gekom waar hy as 'Colonies Chirurgijn' (distriksgeneesheer) in diens van die VOC gepraktiseer het — eers in die Paarl en van 1791 tot 1795 op Graaff-Reinet. Tydens sy verblyf in laasgenoemde omgewing het die lewenswyse en gesondheidsprobleme van die blanke koloniste in daardie afgeleë deel van die Kaapkolonie hom so aangegegryp, dat hy 'n geneeskundige handboek vir hulle geskryf het. Hoewel die boek nooit gepubliseer is nie, bevat dit besonder waardevolle inligting van kultuurhistoriese aard enwerp lig op die moontlike oorsake van hartprobleme onder die nakomelinge van die destydse pioniers. Dr. Häszner het groot waarde aan die helende krag van mineraalwaters geheg en het van 1804 tot met sy afsterwe in 1820 die warmbad aan die Swartberg by die, huidige Caledon bedryf. Die warmbron is deur talle mense besoek wat verligting van kwale soos jig en rumatiek gesoek het.

Johan Friedrich Häszner was een van 'n groot aantal Duitsers wat in die 18de eeu in diens van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie na die Kaap gekom het, waar hy 'n betekenisvolle rol op gebied van die geneeskunde gespeel het. Hy word veral onthou vir die ***Huislijk Geneeskundig Handboek*** wat hy in 1793 geskryf het. Dit is een van die eerste mediese boeke in Suid-Afrika.¹ Häszner het ook bekendheid verwerf vir sy betrokkenheid by die **warmbad** in die Overberg, naby Caledon, wat hy van 1804 tot 1820 bedryf het. Hy was 'n toegegewyde geneesheer met 'n wye belangstelling in sy vak.

Lewenskets

Johann Friedrich Häszner is op 4 Maart 1764 in Breslau, Silesië (Duitsland) gebore. Sy ouers was Carl Friedrich Häszner, 'n handelaar, en Johanna Elizabeth Bremzer.² Häszner het opleiding as sjirurgyn ontvang, 'n beroep wat hy beoefen het na hy in 1785 in diens van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie in die Kaap aangekom het.³

Häszner het aanvanklik in die kompanjieshospitaal in Kaapstad gewerk,⁴ maar het in 1786 na die Paarl verhuis, waar hy sjirurgyn in diens van die VOC geword het.⁵ Hier is hy in 1788 met Jacoba Elisabeth Ackerman getroud.⁶ Uit hierdie huwelik is in 1792 'n dogter, Alida Jacoba Carolina, en in 1809 'n seun, Jan Frederik Donald gebore.⁷ Dit is opvallend dat Häszner sy seun vernoem het na sy skoonseun, maj. Donald McNiell, wat in 1808 met sy dogter getroud is.⁸

Van 1791 tot 1795 was Häszner distriksgeneesheer op Graaff-Reinet, waarna hy weer na die Paarl teruggekeer het, waar hy 'n klein plasie aan die Bergrivier gekoop en as 'Colonies chirurgyn' gepraktiseer het.⁹ Na 'n besoek in 1804 aan die bekende mineraalbad by die Swartberg in die Overberg, het Häszner die bad en omliggende grond van die regering gekoop en tot in 1820 — die jaar van sy dood — daar gewoon.¹⁰

Op 14 Februarie 1817 het Häszner se vrou hom ontval. Op haar grafnaald is die volgende inskripsie gegraveer:


'Hier rust met een Enig geboren en Een tweelings Soontjen Jacoba Elisabeth Akkerman huysvrou van Johan Frederik Hässner Gebooren den 26 Juny 1768 en Overleeden den 14 February 1817.' (Figuur 1).

Hulle het dus drie seuntjes aan die dood afgestaan. Mev. Häszner is in dieselfde graf as haar seuntjes begrawe en was 48 jaar oud toe sy oorlede is."¹¹ M.D. Teenstra, wat die bad in 1825 — vyf jaar na die dood van Häszner — besoek het, het geskryf dat hy deur die oostelike gangvenster van die badhuis die eensame grafnaald kon sien.¹² Volgens oorlewering is die grafmonumentjie na haar dood deur die inwoners van die omgewing opgerig.¹³

Häszner is later in dieselfde jaar met Martha Maria (du Toit), weduwe van Joseph Daniel le Riche, getroud. Uit hierdie huwelik is twee dogters, Johanna Elisabeth en Jacoba Frederica gebore.¹⁴ Hy het tot die einde van Mei 1820 in die Overberg gewoon en is op 29 Augustus 1820 in die Paarl oorlede.¹⁵

'Colonies chirurgijn'

Soos reeds vermeld, was Häszner 'n opgeleide sjirurgyn toe hy in 1785 in diens van die VOC na die Kaap gekom het. Die Kompanjie het dikwels van sjirurgyns op hulle skepe en in hulle kolonies gebruik gemaak. Sjirurgyns het geen



Figuur 1 Die grafnaald van Jacoba Häszner. Die inskripsie lui soos volg:

'Hier rust met een Enig geboren en Een tweelings Soontjen Jacoba Elisabeth Akkerman huysvrou van Johan Frederik Hässner Gebooren den 26 Juny 1768 en Overleeden den 14 February 1817'.

Volgens oorlewering is die grafnaald na haar dood deur die inwoners van die omgewing opgerig. Dit was van die badhuis af sigbaar, maar die terrein is tans met wattelbome oorgroeи.

Foto: J.C.Pretorius

universiteitsopleiding aan 'n mediese skool ontvang nie, maar wel 'n leerlingskap van drie of vier jaar afgelê by 'n sjirurgyn wat lid van die gilde van sjirurgyns was. Hulle is opgelei in die kuns van bloedlaat, behandeling van wonde, aanbring van verbande, spalk van gebreekte ledemate, trek van tande en die samestellende van sekere salwe en posiers.¹⁶ Ten spye van die feit dat hulle nie die status van **gekwalifiseerde** geneeshere geniet het nie, het hulle oor aansienlike praktiese ervaring beskik. Omdat hulle maar 'n karige salaris ontvang het, het hulle dikwels ook as barbiers opgetree of soms hulle inkomste aangevul deur handel te drywe of tavemes aan te hou. Party sjirurgyns het mettertyd die diens van die VOC verlaat en 'Vrychirurgijne' geword.¹⁷

Terwyl Häszner in die kompanjieshospitaal in Kaapstad gewerk het, het hy bevriend geraak met die direkteur van die hospitaal, dr. Renier de Klerk Dibbetz, 'n vooraanstaande geneesheer wat Häszner verskeie kere in sy loopbaan gehelp het.*

Daar is reeds vermeld dat Häszner in 1786 as 'Colonies Chirurgyn'¹⁸ in die Paarl begin werk het, 'n pos wat met dié van distriksgeneesheer vergelyk kan word. Dit was waarskynlik nie maklik om as sjirurgyn 'n bestaan te maak nie. Volgens regulasies wat in 1807 opgestel is, is 'n sjirurgyn toegelaat om slegs 'n halwe riksdaalder vir 'n besoek aan 'n pasient op die dorp en een riksdaalder vir 'n besoek in die distrik te vra. Om 'n nag by 'n pasient oor te bly, kon 'n sjirurgyn darem ses riksdaalders eis.²⁰

Siektes waarmee Häszner in die Kaap te kampe sou gekry het²¹ was onder andere pokke, destyds 'n dodelike siekte wat

deur **matrose** van besoekende skepe oorgedra is en jig, wat **Häszner** toegeskryf het aan oordadige eet en drink en te mm oefening.= Weens ongelukce op die jagveld, te perd, met die wa of **weens** bakleiry onder die **matrose** en soldate, het beserings en wonde algemeen voorgekom. Dit was nie ongewoon vir sjirugys om amputasies uit te voer nie. Ook was daar inflammasie van die oë wat volgens Adam Tas se dagboek 'n algemene ellende onder die Kapenaars **was**²³ en masels wat in **dié** tyd ook dikwels onder volwassenes voorgekom het. Bevallings is gewoonlik deur **vroedvrouens** waargeneem, wat die dokter net **ingeroep** het as komplikasies ingetree het. Siektes wat ook algemeen voorgekom het, was tuberkulose, **tifus**, geslagsiektes, tetanus, cholera en **longontsteking**.²⁴

In die 17de en 18de eeu is algemeen geglo dat siektes deur gifstowwe in die liggaam veroorsaak is. Om dit te venvyder is **veral** van bloedlating uit 'n aar ('aderlating') gebruik **gemaak**. Dit is onder andere gebruik om **koors** en inflammasie te verlig. Ander metodes van bloedlating was om van bloedsuiers gebruik te maak of deur die kopproses waarby bloed **getrek** is deur middel van kopglase. Altematiewe metodes om van die gifstowwe in die liggaam ontslae te raak, was lakseer-, **braaken** en sweetmiddels en maagspoelings ('**clisteer**').²⁵ Dit wil voorkom of 'n mens in **daardie** tyd 'n gestel van **yster** nodig gehad het om die aanslae van die geneeshere te **weerstaan**.²⁶

Volgens huidige mediese standarde was die medisyne **waaroor** geneeshere in Häszner se tyd **beskik** het, waarskynlik nie baie doeltreffend nie, hoewel dit sekere simptome kon verlig het. Volgens regeringsregulasies is 'n sjirurgyn toegelaat om slegs spesifieke soorte medikamente self aan te **hou**.²⁷ Uit die rekeninge in Häszner se boedel blyk dit dat hy sy medisyne by 'n Kaapse firma, **Pallas en Poleman** bestel het? (Figuur 2). As sjirurgyn sou hy ook **geweet** het van baie soorte poeiers en **veral** van die gewilde Spaanse vlieg, 'n groen kewer wat vir pleisters gebruik **is**.²⁸ Daar was poeiers om 'water te drijven, afgang te verwekkien, **asook** winde te **breek**'.²⁹ Ander middels wat in **daardie** tyd tot die beskikking van 'n geneesheer was, was mirtetinktuur, teriaak (**veral** as **teëgif** gebruik), kruietee en balsem van kwicksilwer?" Onder Häszner

se boedeldokumente is 'n lang lys medikamente wat hy in 1817 uit Kaapstad bestel **het**.³²

Gewapen met ervaring, 'n voorraad medisyne en 'n klompie sjirurgiese **instrumente** soos messe, skêre, vlyme, skedelbore, tange, spatels, naalde, kateders en **brandysters**,³³ is Häszner in 1791 as distriksgenesheer na Graaff-Reinet in die verre binneland. Die omstandighede waaronder die afgesonderde koloniste daar gewoon het en hulle geneeskundige probleme het hom soveel **geïnteresseer** dat hy in 1793 'n 'Huislik Geneeskundig handboek voor De ingesetenen van Nederlands **Africa**' geskryf het. Die handboek **verskaf** waardevolle inligting oor die lewensomstandighede van die blanke koloniste in die binneland van die Kaapkolonie aan die einde van die 18de eeu, **veral** oor die eetgewoontes wat moontlik 'n invloed op die voorkoms van hartkale onder hulle nageslag kon gehad het. Die handboek word afsonderlik bespreek.

Terwyl Häszner in die Paarl as 'Colonies Chirurgijn' gepraktiseer het," het hy in 1804 tydens 'n besoek aan die mineraalbad in die **Overberg**, naby die latere Caledon, sterk onder die indruk van die potensiaal van die **warmbad gekom**. Hy het vervolgens 'n memorie aan die Bataafse regering in Kaapstad gerig waarin hy uiteengesit het hoe die badgeriewe verbeter kon word en terselfdertyd aansoek **gedoen** om die bad van die regering te **koop**.³⁵ Hierdie versoek is op bepaalde voorwaardes toegestaan Sy bydrae in dié oopsig word elders bespreek.

Tydens sy verblyf by die **warmbad** het Häszner gevind dat sy **dienste** as genesheer dikwels in aanvraag was. Hy het gevoglik by die **owerhede** aansoek **gedoen** om 'n licensie wat hom in staat sou stel om as genesheer op die platteland te **praktiseer**.³⁶ Sy versoek is in 1812 op grond van sy ervaring en kennis as sjirurgyn toegestaan.

Dat Häszner 'n energieke genesheer was en groot belangstelling in sy vak gehad het, blyk onder andere uit sy versoek om mense gratis teen pokke in te **ent**.³⁷ Inenting teen pokke deur middel van koeipok-entstof het tydens die eerste Britse besetting in die Kaap begin **posvat**.³⁸ Dit is bekend dat dr. Lichtenstein in 1805 'n inentingsreis na die binneland onderneem **het**.³⁹ In 1807 was daar 'n uitbreking van pokke aan die Kaap, hoewel dit nie naastebly so verwoestend was soos die epidemies in die 18de eeu **nie**.⁴⁰ Die **Kommissie vir Inenting** teen **Pokke** het op 6 Julie 1807 aan Häszner laat weet dat hulle aan hom 'n voorraad entstof sou **stuur**.⁴¹

Häszner se wye belangstelling blyk ook uit 'n verslag oor die sogenaamde lamsiekte by **diere**, wat hy aan die regering **gestuur** het. Hy het dit toegeskryf aan die vinnig groeiende gras na die reën, wat dan **maklik** verlep het en die siekte veroorsaak **het**. Hy het voorgestel dat die regte soort gras as voer vir die **diere gesaai moes word**.⁴²

Dit moes vir Häszner groot genoegdoening **verskaf** het toe hy sy sertifikaat van burgerskap, onderteken deur die goewemeur, lord Charles Somerset en **gedateer** 17 November 1817, ontvang **het**.⁴³ Hy was nou 'n volwaardige burger van die land waaraan hy soveel van sy kragte gewy het.

'Huislik geneeskundig handboek voor de Ingezetenen van Nederlands Africa'

Daar is reeds melding **gemaak** van die geneeskundige handboek wat Häszner tydens sy verblyf op Graaff-Reinet geskryf het. Die boek is **egter** nooit gepubliseer nie, deels

Figuur 2 'n Gedeelte van 'n lys medikamente wat dr. Häszner in 1817 by die firma **Pallas & Poleman** in Kaapstad bestel het.

Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (KAB): MOOC 14/143.

omdat drukgeriewe aan die Kaap ontoereikend was. Die eerste volwaardige drukpers is eers in 1800 in Kaapstad opgerig.⁴⁴ 'n Ander rede waarom die manuskrip nie gepubliseer is nie, was moontlik dat J.I. Rhenius, die invloedryke amptenaar aan wie Häszner die boek, opgedra het, die Kaap in 1803 verlaat het.⁴⁵

Die manuskrip in Häszner se handskrif en in sy eienaardige Nederlands-Duitse taal beslaan 350 bladsye en word in die Kaapse Argiekbewaarplek bewaar⁴⁶ (Figuur 3). Die volledige titel lui soos volg:

'Huislyk geneeskundig Handboek voor De Ingescetenen van Nederlands Africa beschrufen (sic) door J.F.Häszner geswome Chirurgijn der Colonie Graaffe Rijnette. Cabo de Goede Hoop 1793'.

Hy noem die manuskrip die 'Erstelingen mijnes Vlijts' en dra dit op aan Johan Isaac Rhenius, die welgestelde amptenaar van wie reeds melding gemaak is en wat van 1791 tot 1792 na die vertrek van goewemeur Van de Graaff, waarnemende goewemeur van die Kaapkolonie was⁴⁷ (Figuur 4).

In 1961 het L.C.van Oordt in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns die handboek in Afrikaans vertaal met die titel *Mediese handboek vir die Afrikaanse huisgesin deur J.F.Häszner*. Hierdie getikte vertaling word in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad bewaar.⁴⁸

Die inhoudsopgawe van die handboek (veertig hoofstukke) gee 'n aanduiding van die belangrikste gesondheidsprobleme waarmee die vroeëpioniers in daardie jare te kampe gehad het. Dic vernaamste siekte waaraan Häszner aandag sken, is verkoue, longontsteking, tuberkulose, witseerkeel, oogontsteking, maagongesteldhede, floutes, geelsug, watersug, beroerte, vrouesiektes, jig, vergiftiging, hondsadolheid, masels, pokke, skurbruik en nier- en blaaskwale. 'n Afsonderlike hoofstuk word gevwy aan sowat 70 geneesmiddels wat gebruik kon word.⁴⁹ Party van die middels wat Häszner voorgeskryf het, was geredelik op die platteland beskikbaar, soos dyc gom van doringbome, borrie, kamilleblomme, kicsieblare, kruisement, mosterdsaad, rubber, vlier en wynruit. Hy het ook patente medisyne soos Hoffmansdruppels, rooilavantel, witsdulsijs, sterksalf, kanferolie en baie ander voorgeskryf, wat te vinde was in die destydse medisynekissies wat algemeen verkrygbaar was.⁵⁰ Die meeste plattelandse gesinne sou so 'n kissie met *Halle Medicijnen*, ook bekend as 'n *Huis Apotheek* gehad het. As kind van sy tyd het Häszner saam met die medisyne ook bloedlating en purgeermiddels voorgeskryf. Dit




Figuur 4 Johan Izaak Rhenius (1750–1808), 'n welgestelde en vooraanstaande amptenaar aan die Kaap, aan wie dr. Häszner sy *Huislyk Geneeskundig Handboek* in 1793 opgedra het. Rhenius was waarnemende goewerneur na die vertrek van goewemeur Van de Graaff in 1791.

Foto: KAB: M227.

is noemenswaardig dat hy besondere waarde aan 'n gebalanseerde dieet en genoeg oefening geheg het.

Die handboek verskaf waardevolle inligting oor die lewensomstandighede van die blanke veeboere in die verre binneland van die Kaapkolonie nagenoeg twee eeue gelede. Häszner trek te velde teen die talle kwaksalwers en skryf dat 'n geneesheer gewoonlik eers ontbied is wanneer die sieke buite alle hoop op herstel was. Hy skryf dat die man liewer sy vrou, die vrou haar man en die ouers hulle kinders laat sterwe het onder die hande van ou vroue-kwaksalwers of swart toordokters as om 'n geneesheer te roep of ten minste by hom raad te vra.⁵¹ Hy het skerp kritiek op die vroedvrouens wat hy 'moordenaars van gehele geslachten noem en wat die arme moeders en kinders 'onder die wredeste mishandeling en pyn die lewe laat inskiet' het.⁵² 'Vir iemand wat nie 'n horlosiemaker is nie, sal jy mos nie 'n stukkende horlosie gee om reg te maak nie . . . En so is dit met ons vroedvroue'.⁵³ Hy gaan voort: 'Watter ontroosbare wewenaar, watter ontroosbare weduwee van hulp ontbloot, watter droewige ouers tot wanhoop bring en watter ongelukkige wese word deur hierdie moordenaars gemaak!'.⁵⁴ Volgens die getuenis van besoekers aan die binneland in hierdie jare was dit inderdaad so dat die pioniers baie selde 'n geneesheer ontbied het. Omdat dokters op die platteland so skaars was, was die koloniste noodgedwonge op kwaksalwers en vroedvroue aangewese.⁵⁵ Dat party vroedvroue onbekwaam was soos Häszner beweer het, is waarskynlik waar. Hulle het nieemin 'n onmisbare rol in die pioniersgemeenskap gespeel, waar geneeshere baie skaars was (Figuur 5).



Figuur 3 'n Gedeelte van die manuskrip van dr. Häszner se *Huislyk Geneeskundig Handboek* wat handel oor oogontsteking.

KAR: MOOC 14/143.

Kraam Vrouwen die door mijnen bedient is	
* Anna M. Venter	Colostrumplaster
* Ottilie J. van Heerden	
* Wilhelmina Crante	Jan d' Engelse
* Peter J. Groenewald	Draakutter
* Anna J. Gruber	P. venter
* Mattheus J. Venter	P. venter
* Jacobus J. Venter	P. venter
* Jan H. Venter	P. venter
* Anna J. Venter	P. venter
* Hendrik P. van der	16.80
* Esther J. Venter	16.80
* Philomena H. van Heerden	16.80
* Susanna P. J. Venter	16.80
* Allertus J. Venter	16.80
* Maria Venter	16.80
* Willem Coetzee	16.80
* Anna J. Gruber	16.80
* Jacobus J. Venter	16.80
* Maria Gruber	16.80
* Mattheus J. Gruber	16.80
* Elias B. Gruber	16.80
* Anna Gruber	16.80
* Jacobus J. Gruber	16.80
* Wilhelmina Gruber	16.80
* Jacobus J. Gruber	16.80
* Wilhelmina Gruber	16.80
* Mattheus J. Gruber	16.80
* Elias B. Gruber	16.80
* Elizabeth C. Venter	16.80

Figuur 5. 'Kraam Vrouwen die door mijn bedient is'. 'n Lys van bevallings wat deur die vroedvrou Anna M. Venter waargeneem is. Sy is in 1793 gebore en het in die distrik Aliwal-Noord gewoon. Dr. Häszner het in sy *Huislyk Geneeskundig Handboek* hewig te velde getrek teen die vroedvrouens wat hy as onbekwaam beskou het.

KAB: V.C. 574

Wat vir Häszner onverklaarbaar was, was dat die boere dit nie verdra het dat hy vir hulle 'n gesonde dieet voorskryf nie. Nee, skryf hy, hulle wil medisyne hê! Hy spot met die kwaksalwers wat sê: 'Hier is 'n botteltjie druppels, 'n paar dosyn poeiertjies, 'n halfdosyn purgasies — gebruik dit, dan word jy gesond!' (56). Häszner kla ook dat die boere graag meer as een dokter geraadpleeg het, maar dat hulle nie die raad of voorskrifte van 'n dokter lank genoeg gevolg het om enige voordeel daaruit te trek nie.⁵⁷ Dit lyk nie of mense in die loop van twee eeue in hierdie opsig veel verander het nie!

Vir Häszner was dit onverstaanbaar dat die veeboere drie keer per dag vleis kon eet.⁵⁸ Talle reisigers maak trouens melding van die feit dat die meeste veeboere feitlik net vleis geëet het.⁵⁹ Volgens dr. Lichtenstein, wat die binneland in die Bataafse tyd-besoek het, is op baie please twee of drie skape elke dag geslag. Hy het pens-en-pootjies vir ontbyt, braavleis vir middagete en bredie in die aand te ete gekry en dit baie gemis dat daar geen brood te vinde was nie.⁶⁰ 'n Mens moet in

ag neem dat die koloniste hoofsaaklik veeboere was, dat party met hulle vee van een staanplek na 'n ander getrek het en dat wild nog betreklik volop was. Periodieke droogtes het daar toe gelei dat min geplant en gesaai is. Häszner skryf dat hy daarvan oortuig was dat die klein blanke bevolking aan die Kaap net soveel vleis geëet het as die ganse Engeland! Hy gee toe dat die gebrek aan water die verbouing van koring soms onmoontlik gemaak het en dat daar dikwels te min water vir besproeiing was.⁶¹ Hy het egter gereken dat baie plekke vir die kweek van groente geskik was.⁶²

'n Bykomstige nadeel van die vleisetery, skryf Häszner, was dat baie van speserye en sout gebruik gemaak moes word om die vleis in die warm klimaat teen verrotting te bewaar.⁶³ 'Vars, gerookte en gepekelde vleis word geëet van die eerste dag van die jaar tot die laaste en op alle ure van die dag . . .' skryf hy.⁶⁴ Die mense eet gesoute vleis soos biltong, gerookte vis, blatjang, sambal, kerrie en so meer.⁶⁵ Hy voeg by dat dit minder skadelik sou wees as die vleis nie so vet was nie, 'maar ongelukkig sou mens dink dat jy jou tekort doen indien die gestoofde, gekookte en gebraaide vleis nie in die vet swem nie'.⁶⁶ Omdat hoofsaaklik met inheemse vetstertsake geboer is, was vet volop op die please, waar dit dikwels in die plek van botter gebruik is.

Dit het Häszner opgeval dat die meeste koloniste te min oefening gekry het en geneig was om te veel te sit. Sy aanbeveling was: 'Doen werk, of gaan wandel as jy nie 'n liefhebber van werk is nie, en doen dit tot sweet en vermoedheid toe!'⁶⁷ Die beste soort beweging het hy gereken, is perdry of in die wavy, want die liggaam kry dan baie beweging sonder om vermoeid te word. 'Vir die jong vrouetjies wat so kwaai sukkel met *opstyging* ('n ou benaming vir sekere histeriese aandoenings) en dies meer wil ek geen medisyne voorskryf nie, want die genesing lê in hulle eie hande, dit wil sê deur middel van arbeid en beweging'.⁶⁸ Werk is die beste medisyne, skryf hy, 'al is dit bietjie moeilik aan die begin'.⁶⁹ Vir die energieke Duitse dokter was dit vreemd dat sommige mense so lank in die bed kon bly, veral soggens.⁷⁰ Hy maak ook melding van die verebeddens (bulsakke) waarvoor die pioniers so lief was en waarin hulle, soos hy dit stel, hulle 'gebroei' het as hulle siek was.⁷¹

Die vrouens se verknogtheid aan hulle voetstofies het Häszner baie verbaas.⁷² Dit was 'n gewoonte wat deur etlike reisigers beskryf of uitgebeeld is. Die gebruik van voetstofies — 'n ou Europese gewoonte — was gewild aan die Kaap omdat die huise in daardie jare geen kaggels gehad het nie. Häszner kon nie begryp dat die vrouens met hulle voete op die verwarmde voetstofies kon sit en dan weer kaalvoet buite in die nattigheid rondloop nie. Volgens hom het dit aanleiding tot verkoue gegee.

Häszner het heelwat oor die huise van die pioniers te sê gehad. Hy het opelet dat minder as 20% van die huise in die verre binneland vensters met glasruite gehad het.⁷³ Die huise was gevulglik ondig en koud in die winter. Hutte wat in die grond ingegrave is, is 'hartebeesthuizen' genoem, skryf hy. Die vloere was clam, wat verger is deur die gewoonte om hulle een of twee keer per week met beesmis, of skaap- of beesbloed te smeer.⁷⁴ As gevolg hiervan en weens die ruitlose vensters, het baie mense verkoue gekry. Hulle het hulle dan met klere 'gebroei' — drie tot vier baadjies aan, twee broeke en 'n mus op die kop, bedek met 'n hoed. Die vrouens, vervolghy, het drie tot vier doeke om die kop gebind en een of twee

om die hals. Hulle het dan by die vuur gesit en 'hulle bene en ingewande halfpad gebraai ...'.⁷⁵ Buitendien was die mense behep met die geværlike bygeloof dat 'n siekekamer heeltemal toe moet wees. In hierdie benoude kamer het die familie en vriende die sieke besoek.⁷⁶

'n Ander gewoonte wat Häszner — en voor hom verskeie reisigers soos Lichtenstein⁷⁷ — opgeval het, was die groot hoeveelheid koffie en tee wat op die platteland gedrink is. Hy skryf dat dit nêrens ter wêrelд soveel as op die Kaapse platteland gebruik is nie, waar die mense van smôrens vroeg tot saans laat koffie en tee gedrink het, 'al is dit ook so warm dat die voëls in die lug daarvan beswyk'!⁷⁸ Dors of te nie, skryf hy verder, tee moes gedrink word en baie mense het die ganse dag daarmee volgehoud. Vandaar die verskynsel van so baie ontevrede, bleek oujongnooiens en kinderlose en klaende vroumense! ('Vrijsters of zogenaamde Nonjes, kweende en klaagende vrouwtjies').⁷⁹ Ter verdediging van die koloniste kan aangevoer word dat drinkwater soms baie sleg en selfs ondrinkbaar was en dat flou tee die plek daarvan moes inneem.⁸⁰

Dit kom voor of baie van die gewoontes van die blanke pioniers vir Häszner as Europeér vreemd was. So was die voorliefde van veral die vrouens om kaalvoet te loop vir hom opvallend. Dit is bekend dat kouse in die afgesonderde binneland skaars was en net by spesiale geleenthede gedra is. Vandaar die algemene gewoonte dat die hele huisgesin se voete saans deur 'n bediende gewas is.⁸¹

Dit is interessant dat die gewoontes van die veeboere wat deur Häszner vermeld word, deur Robert Dingley, 'n Britse offisier aan die oosgrens van die Kaapkolonie in die vroeë 19de eeu, uitgebeeld is (Figuur 6). op die bygaande tekening wat hy 'A Boor's family of the Interior Districts of the Cape' noem, sien 'n mens die lywigheid van die mense, 'n vrou sonder kouse en skoene en 'n ander een met haar voete op 'n voetstofie, 'n Khoi-meisietjie wat die vlieë wegja, die teedrinkery, die vleis watregs in die hoek van die vertrek aan 'n haak hang en die ruitlose venster. Waarskynlik het die flessies wat links van die venster teen die muur hang, allerlei soorte medisyne bevat. Let ook op dat niemand binnenshuis sonder 'n hoofbedekking was nie.

Die groot mishope op die werf het Häszner ook opgeval. In daardie tyd is nog nie besef dat vlieë in die mishope uitbroei nie. Blybaar was vlieë 'n landsplaag aan die Kaap, want die meeste reisjoemale maak daarvan melding. Volgens Häszner kon mishope tot 15 vt hoog wees⁸² en het hulle soms aan die brand geraak. So 'n mishoop kon maande lank smeul en rook, wat 'n gesondheidsgevaar ingehou het.

Häszner het dikwels te doen gekry met wonde wat deur die gifpyle van Boesmans veroorsaak is en moeilik genees het. Ook slangbyte, veral van die koperkapel en pofadder, het gereeld voorgekom.⁸³ Ander interessante verskynsels wat hy noem, is die groot getalle honde en katte op die plase, wat die gevaar van hondsrolheid vererger het.⁸⁴ Hy was ook bewus van veldplante wat in plaas van tuingroente geëet kon word,



Figuur 6. 'A Boor's Family of the Interior Districts of the Cape' deur Robert H.Dingley. Dingley was 'n Britse offisier wat van 1813 tot 1818 op die oosgrens van die Kaapkolonie gestasioneer was. Op die tekening is 'n hele paar van die gewoontes van die veeboere soos dr. Häszner dit in sy **Geneeskundig Handboek** beskryf het, uitgebeeld, soos die teedrinkery, die gebruik van voetstofies en die ruitlose venster.

soos netels, bronkors, duwweltjiesdoringblare en jong wingerdblare.⁸⁵ Omdat Häszner as Duitser bekend was met die genesende krag van mineraalbronne, wat in Europa baie gewild was, het hy tydens sy verblyf in Graaff-Reinet pasiënte aangeraai om die warmbaddens te gebruik.⁸⁶ 'n Besonder interessante inskrywing in die handboek handel oor die toepassing van mond tot mond asemhaling op 'n drenkeling.⁸⁷ Dit lyk of verdrinkings taamlik dikwels voorgekom het.

Häszner se skerp veroordeling van bepaalde gewoontes van die koloniste lewer bewys van die groot verskil in opvatting en lewenswyse wat daar tussen hom en die veeboerpioniers in die binneland bestaan het. Die pioniers was ten spye van hulle Europese herkoms, besig om onder invloed van die Suid-Afrikaanse bodem 'n eie lewenstyl te ontwikkel.

Die warmbad in die Overberg

Die warmbad by die Swartberg naby die huidige Caledon, was lank voor Häszner se tyd reeds goed bekend. Bekende besoekers aan die Kaap soos Mentzel, Masson, Thunberg, Sparrman, Lichtenstein, Burchell en Latrobe maak melding van die feit dat die Kapenaars en selfs besoekers uit Oos-Indië die bad graag besoek het om verligting vir hulle kwale te kry.⁸⁸ Die badgeriewe het egter veel te wense oorgelaat. Daar is wel mettertyd 'n badhuis opgerig, maar dit was só ongerieflik dat Robert Percival, 'n Britse skeepsoffisier, dit as 'a slight and miserable shed' beskryf het.⁸⁹ Geen wonder dat die meeste besoekers verkieks het om in tente of tydelike hutte oor te bly nie. Dat dit ook baie moeilik was om lewensmiddele by die bad in die hande te kry, blyk uit die dagboek van Johanna Duminy, wat die bad saam met haar man, kaptein Francois Duminy, in 1797 besoek en 'n lewendige beskrywing van die lewensomstandighededaar nagelaat het.⁹⁰

Tydens sy besoek aan die bad in 1804 het Häszner gemerk dat die bestaande geriewe veel te wense oorgelaat het. In sy memorie aan die Bataafse owerheid in Kaapstad het hy verskeie verbeterings aan die hand gedoen en aangebied om die bad van die regering te koop. Hy het voorgestel dat hy toegelaat word om beeste en skape aan te hou en 'n groentetuyn aan te lê om die mense wat die bad besoek, van kos te voorsien. Hy het onderneem om 'n geriflike badhuis op te rig en het 'n plan van die voorgestelde gebou ingesluit.⁹¹ Eintlik was dit eerder 'n gastehuis waarin mense kon tuisgaan. Die baddens self was agter die badhuis. Sy aansoek is in 1805 deur die owerheid goedgekeur op voorwaarde dat hy hom in die eerste plek aan die instandhouding van die geriewe by die bad sou wy en die voorgestelde gebou binne agtien maande op eie koste sou voltooi. Hy is toegelaat om 'n vasgestelde bedrag as vergoeding van besoekers te eis, maar die badinrigting sou onder toesig van die regering bly.⁹²

Die energieke Häszner het dadelik aan die werk gespring. Dr. Lichtenstein beskryf in sy joemaal hoe hy op 27 September 1805 by die bad aangekom het, juis toe dr. Häszner die eerste steen van die nuwe badhuis gelê het. Daar was heelparty, mense by die geleentheid, selfs uit Kaapstad. Etlies het agtergeble om die bad te gebruik, omdat hulle beïndruk was met die geriewe wat Häszner reeds geskep het.⁹³


William Burchell wat die bad op 19 April 1811 besoek het, gee in sy joemaal 'n mooi beskrywing van wat hy daar aangetref het: 'Passing under the western end of Zwartheberg,

the Bath-house came in view, and had a very pretty effect, being a white, regular, flat-roofed building, pleasantly situated in an elevated part of the southern slope of the mountain'.⁹⁴ Hy voeg by dat die plek 'n meer skilderagtige voorkoms sou kry wanneer die jong populierborne wat voor die gebou geplant is, eers groot geword het. Volgens Burchell het die gebou slegs uit een verdieping bestaan, 'n grondvloer gehad en was daar agt kleinerige vertrekke en 'n kombuis. Agter die gebou was vier baddens.⁹⁵ Burchell het ook 'n tekening van die badhuis gemaak, sodat ons presies weet hoe die gebou daar uitgesien het (Figuur 7).

Dit lyk of die bad in Häszner se tyd deur heelwat vooraanstaande Kapenaars besoek is. Die bekende ds. M.C. Vos, wat in hierdie jare predikant van Caledon was en wie se gesondheid swak was, het van 1813 tot 1814 intensiewe behandeling by die bad ontvang.⁹⁶ Hier is hy deur dr. Häszner besoek, wat verskeie medikamente vir hom voorgeskryf het.⁹⁷ Volgens Häszner se finansiële state het verskeie vooraanstaande Overbergse families soos die Van Breda's, Van der Byls, Van Reenens, De Wets en Swarts gereeld die bad besoek. Ook die latere hoofregter van die Kaapkolonie, J.A. Truter, het in 1815 'n tydlank by die bad vertoe.⁹⁸ Die bad het ook taamlik baie afrek onder Britse amptenare en offisiere uit die Ooste gekry, hoewel hulle gekla het dat daar geen 'attractions of amusements and society' soos in Engeland was nie.⁹⁹ Die bad is dus hoofsaaklik deur mense besoek wat aan die helende krag van die mineraalwater geglo het. Jag was egter 'n algemene vorm van ontspanning onder die mans.¹⁰⁰

Häszner se planne het nie sonder teenspoed verloop nie. Dit blyk dat hy 'n nimmereindigende stryd moes voer om genoeg kapitaal in die hande te kry en dat hy by sy afsterwe in 1820 nog geld op die plek geskuld het¹⁰¹ (Figuur 8). Weens 'n brand het hy baie van sy geboue verloor. In 1811 en 1813 het hy selfs pogings aangewend om die bad te verkoop, maar die owerheid wou nie toelaat dat hy dit aan iemand verkoop wat nie 'n geneesheer was nie.¹⁰² In 'n inspeksieverslag van die bad in 1820, die jaar toe Häszner oorlede is, word melding van die volgende stukture by die bad gemaak: 'n woonhuis, twee gemakhuisse, 'n buitegebou, 'menagerie' (klein dieretuyn), 'n vark- en skaapkraal, 'n slawevertrek, 'n 'Christenbad' (vir gekleurdes), 'n slawebad, 'n beeskraal van klip en 'n groot, nuwe badhuis.¹⁰³ Dit is dus duidelik dat Häszner groot verbeterings by die bad aangebring het.

In ooreenstemming met die voorwaardes wat die owerheid gestel het, het Häszner boek gehou van die onkoste wat hy aangegaan het en van die inkomste wat hy ontvang het van besoekers aan die bad. Onder sy boedeldokurnente is 'n kasboek wat sy inkornste sedert die jaar 1813 aantoon. Dit blyk dat hy kamers, meubels en waens verhuur het en bepaalde lewensmiddele verskaf het.¹⁰⁴ 'n Rekening wat hy op 11 Februarie 1808 gerig het aan kaptein Francois Durniny, wat die bad na die dood van sy vrou besoek het, is insiggewend. Duminy moes onder andere die volgende betaal: verblyf van 88 dae teen 1 Rds 2 stuivers per dag, lewensmiddele soos vleis, brood, melk, afval, vet, asyn, kool, botter, wyn en kerse. Die totale bedrag het meer as 135 Rds. bedra.¹⁰⁵ Dit is duidelik dat dit 'n aansienlike organisasie vereis het om die bad en boerdery aan die gang te hou. Geen wonder dat Häszner meer as veertig slawe moes aanhou om die werk te doen nie. Toe daar na sy afsterwe in 1820 vendusie gehou is, is groot hoeveelhede meubels, gebruiksvoorwerpe, landbougereedskap,



Figuur 7 'n Tekening deur William Burchell van die bad- en gastehuis wat dr. Häszner by die warmbad in die Overberg opgerig het. Die gebou is van die suidekant geteken en agter regs is 'n gedeelte van die heuwel sigbaar, waaruit die warm bronse ontspring. Aan die regterkant van die platdakgebou sien 'n mens die skoorsteen van die kombuis. Voor die huis is 'n klompie jong populierbome geplant.

William J. Burchell. *Travels in the Interior of Southern Africa* (London, 1822), p. 83.

mediese instrumente, medisyne, boeke en boumateriaal verkoop.¹⁰⁶ Tydens onlangse argeologiese opgrawings op die terrein het oorblyfsels van lige bruin steenwerkkanne of -houers van Duitse herkoms, asook skerwe van Chinese keramiek onder andere aan die lig gekom.¹⁰⁷

Volgens die getuenis van besoekers aan die bad lyk dit of pasiënte een of twee keer per dag 'n warm bad geneem en ook van die mineraalwater gedrink het. Oor die algemeen kom dit voor of die warm mineraalwater verligting vir rumatieliklyers gebring het.¹⁰⁸ Vir jig, wat 'n algemene kwaal aan die Kaap was, het dit blybaar nie juis gehelp nie.¹⁰⁹ Twee burgers wat om kwytkelding van kommandodiens op grond van jig gevra het, het byvoorbeeld getuig dat hulle die warmbad verskeie kere besoek het, maar dat dit geen verligting gebring het nie.¹¹⁰ Häszner het self in sy geneeskundige handboek getuig dat die beste raad vir jig 'een goed leefreegel en maatige bewegingen' was.¹¹¹ Op 24 Oktober 1797 het Johanna Duminy in haar dagboekie aangeteken dat sy weer saam met haar man koffie kon drink nadat hy opgehou het om die mineraalwater te drink. Dit het hom blybaar pyn op die maag gegee. Hy het ook opgehou om die bad te gebruik omdat dit nie sy jig verlig het nie en hy het maar gaan jag.¹¹²

Baie pasiënte met wonde wat nie wou genees nie, het die bad besoek. Daar is reeds op gewys dat hierdie beseringsveral

opgedoen is op die jagveld, deur ongelukke met die wa, vergiftige pyle van Boesmans en slangbyte. Hierdie wonde wou partykeer glad nie genees nie. Die reisiger, Anders Sparrman, was van mening dat die mineraalwater ook nie juis daarvoor gehelp het nie.¹¹³

Volgens kaptein De Jong wat die Kaap teen die einde van die 18de eeu besoek het, het baie mense vas geglo dat die mineraalwater vir feitlik alle kwale gehelp het. Hoewel die medisyne waaroor dr. Häszner beskik het, waarskynlik nie veel gehelp het om die siekes wat die bad besoek het, te genees nie, sou die teenwoordigheid van 'n geneesheer en die verbeterde geriewe wat Häszner tot hulle beskikking gestel het, vir hulle heelwat beteken het.

Häszner en die Duitse gemeenskap aan die Kaap


Dit kom voor of dr. Häszner 'n wellewende persoon was. Burchell praat van hom as 'a medical gentleman'¹¹⁴ en Latrobe, die Morawiese geestelike wat in 1816 'n besoek aan die Kaapkolonie gebring het, skryf in sy joemaal dat hy op 23 Januarie 1816 vriendelik deur dr. Häszner ontvang is. Hulle het trouens so lekker gesels, dat Latrobe eers na middemag in die bed gekom het.¹¹⁵ Dit blyk ook dat Häszner 'n onderwyser, ene Walton, by die bad gehad het om sy kinders te onderrig.¹¹⁶

Uit dokumente wat in Häszner se boedel bewaar gebly het, blyk dit dat hy heelwat kontak met ander Duitsers aan die Kaap gehad het. Daar was etlike Duitse sjirurgyns en geneeshere in sy tyd.¹¹⁷ 'n Bekende Duitse medikus aan die Kaap in die begin van die 19de eeu was dr. Friedrich Liesching (1757-1843) wat 'n groot rol in die bekamping van pokke aan die Kaap gespeel het.¹¹⁸ Häszner het nou met hom saamgewerk in die stryd teen pokke in die Overberg. Dr. Johann Wehr, 'n geneesheer van die Waldeckse Regiment, het blybaar Häszner se wantroue in die Kaapse vroedvrouens gedeel, want hy het in 1810 hoof van die eerste vroedkundeskool in Suid-Afrika geword.¹¹⁹

Uit Häszner se boedeldokumente blyk dit dat hy 'n lidmaat van die Lutherse Kerk in die Kaap was.¹²⁰ Hy was blybaar ook goed bevriend met die sendeling August Clemens van Genadendal, digby Caledon, aan wie hy gratis mediese dienste gelewer het.¹²¹ Die kerksilwer wat Häszner aan die sendingkerk op Genadendal geskenk het, word in die museum aldaar bewaar. Dit is waarskynlik ook nie toevallig nie dat kaptein Duminy betreklik dikwels na die bad gekom het, want sy vrou, Johanna, was 'n dogter van die bekende Duitse herbergier, Benjamin Nöthling, wat 'n losieshuis in Kaapstad gehad het.¹²² Dit is verder duidelik dat Häszner hoë agting gehad het vir Johan Isaac Rhenius (1750-1808), wat ook van Duitse afkoms was en aan wie hy sy boek opgedra het.¹²³

Slot

Dr. Johann Friedrich Häszner het hom sy lewe lank met geesdrif aan die bevordering van 'het heil des menschelijken geslachts' gewy. In sy *Huislijk Geneeskundig Handboek* wys hy daarop dat 'n ware heelmeester die algemene belangte van die mensdom steeds hoer ag as dié van sy eie.¹²⁴ Sy bydrae op geneeskundige gebied verdien dus die erkenning van die nageslag. Ook is Häszner se *Huislijk Geneeskundig Handboek* 'n dokument van onskatbare kultuurhistoriese waarde.



Figuur 8 Die handtekening van dr. J.F. Häszner onderaan 'n skuldbewys vir 'n lening van duisend riksdaalders wat hy in 1807 aangegaan het.

KAB: MOOC 14/143.

Summary

Johann Friedrich Häszner (1764-1820) was a German surgeon who played a significant role in medicine at the Cape. He was born in Breslau, Germany, and arrived at the Cape in 1785. The Dutch East India Company (VOC) employed him as a district surgeon at Paarl in 1786.

As a qualified surgeon ('chirurgijn') Häszner must have been familiar with the arts of blood-letting, cupping and the use of purgatives and emetics, the treatment of wounds and fractured limbs and extracting teeth. Surgeons of the 18th century were familiar with many powders, drops, hydriotics and plasters. At the Cape Häszner would have encountered, amongst others, diseases such as smallpox, typhus, gout, inflammation of the eyes, measles, tuberculosis, tetanus and cholera.

Armed with a supply of medicines and surgical instruments, Häszner left for Graaff-Reinet in 1791 to take up his duties as district surgeon. The circumstances under which the white colonists lived in that isolated part of the Cape Colony, as well as their medical problems, urged him to write a medical handbook. This book, 'Huislijk Geneeskundig Handboek voor de ingezetenen van Nederlands Africa' was never published, but contains valuable information of a cultural historical nature and also suggests possible reasons for the heart diseases which even today are still common amongst the descendants of those pioneers.

Häszner did not think much of the quacks and midwives who practised in the interior of the country. According to him they did much harm. He also regarded certain habits amongst the colonists as most detrimental to their health, such as a diet consisting almost entirely of meat, often eaten with a lot of salt and spices and cooked in fat. Also vast quantities of coffee and tea were consumed daily. Häszner criticised the colonists for their inactivity and advised them to get more exercise. He held the view that manual labour was an excellent form of exercise.

Other habits Häszner noted as being peculiar were the constant use of foot-warmers by the women-folk and their tendency to go barefoot in the house or farm-yard. He also mentioned the fact that most homes were without glass windows and that the floors were damp as a result of the frequent application of cow-dung.

It is interesting to note that some of the habits of the colonists mentioned by Häszner were depicted in drawings by a British officer, Robert H. Dingley, who served with the Cape Regiment on the Eastern Frontier of the Cape Colony from 1813 to 1817.

In 1795 Häszner returned to Paarl where he resumed his duties as district surgeon. In 1804 he visited the warm baths at the foot of the Swartberg near Caledon. As a German he was familiar with the medicinal value of mineral baths in Europe and realized that the baths at Caledon had great potential. He subsequently bought the baths from the government and built a new guest house. The well-known traveller, William Burchell who visited the warm baths in 1811, left a colourful description of the baths and the environment.

Although Häszner experienced great difficulties in obtaining sufficient funds for his ambitious plans, he was responsible for several improvements, with the result that the baths were visited by many colonists and even British officers on leave from India. Häszner kept note of his income and expenditure at

the baths. To people visiting the baths to find a cure for their ailments, the presence of a surgeon must have been a great comfort. It appears that the hot mineral waters did much to alleviate the pain caused by rheumatism, but had little effect on gout, which was a common ailment in the Cape Colony.

Häszner continued to practise at the warm baths until his death in 1820. He deserves to be remembered for the energy and enthusiasm with which he pursued the medical profession at a time when there were few resident physicians in the Cape Colony. His medical handbook is of considerable cultural historical value.

Vetwysings

1. E.H. BURROWS, *A history of medicine in South Africa* (Cape Town, 1958), p. 62.
2. Kaapse Argiefbewaarplek (hierna KAB), Kaapstad: MOOC 7/1/74 nr. 28; MOOC 14/203.
3. KAB: MOOC 14/203.
4. J. HOGE, Personalia of the Germans at the Cape 1652-1806, *Argiejaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, Jg. 9 (Kaapstad, 1946), p. 138.
5. J. HOGE, Personalia of the Germans at the Cape 1652-1806, *Argiejaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, Jg. 9 (Kaapstad, 1946), p. 138.
6. J.A. HEESE & R.T.J. LOMBARD, *Suid-Afrikaanse geslagsregisters* (Pretoria, 1986), p. 21.
7. KAB: MOOC 14/143; C.C. DE VILLIERS & C. PAMA, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* (Kaapstad, 1981). p. 287.
8. C.C. DE VILLIERS & C. PAMA, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* (Kaapstad, 1981), p. 287
9. D.W. KRÜGER (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek III* (Kaapstad, 1977), p. 389; KAB: MOOC 14/203.
10. KAB: MOOC 14/203.
11. Graafnaald van Jacoba Häszner, by die warm bron nabij Caledon.
12. M.D. TEENSTRA, *De vruchten mijner werkzaamheden gedurende mijne reize over de Kaap de Goede Hoop naar Java en terug over St. Helena, naar de Nederlanden* (red. F.C.L. Bosman) (Van Riebeeck Vereniging nr. 24, 1943). p. 115.
13. Mondelinge mededeling: mev. M. Brand, kurator Drostdy Museum, Swellendam, 14 Mrt 1992.
14. J. HOGE, Personalia of the Germans at the Cape 1652-1806 *Argiejaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, Jg. 9, (Kaapstad, 1946), p. 138.
15. D.W. KRÜGER (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woerdeboek* (Kaapstad, 1977). p. 389.
16. M.A. VAN ANDEL, *Chirurgijns, vrij meesters*, beunhazen en kwakzalvers (Amsterdam, 1941). pp. 45 en 60.
17. J. HOGE, Geneeskunde aan die Kaap in die 17de en 18de eeu, *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* V(3), Febr. 1949, p. 75.
18. KAB: MOOC 14/203; J. HOGE, Personalia of the Germans at the Cape 1652-1806, *Argiejaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, Jg. 9, (Kaapstad, 1946), p. 138.
19. J. HOGE, Personalia of the Germans at the Cape 1652-1806, *Argiejaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, Jg. 9, (Kaapstad, 1946), p. 138.
20. KAB: MC24.
21. J. CELESTINE PRETORIUS, Medicine at the Cape in the 17th and 18th centuries, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 1 (1), Jan. 1984). pp. 17-19.
22. KAB: MOOC 14/203, *Huislijk Geneeskundig Handboek van J.F. Häszner*.
23. L. FOUCHE (red.), *Dagboek van Adam Tas 1705-1706* (Van Riebeeckvereniging, Kaapstad, 1970), p. 178.
24. J. CELESTINE PRETORIUS, Medicine at the Cape in the 17th and 18th centuries, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 1 (1), Jan. 1984, pp. 17-19.
25. J. CELESTINE PRETORIUS, Medicine at the Cape in the 17th and 18th centuries, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 1 (1), Jan. 1984, p. 18: J. HOGE. Geneeskunde aan die Kaap in die 17de

- en 18de eeu, *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, V(3), Febr. 1949, p. 78.
26. H.J. SENIOR, *Medicine for heroes* (Erin, Ontario, 1981), p. 55.
27. KAB: MC 24.
28. KAB: MOOC 14/143.
29. J. CELESTINE PRETORIUS, Medicine at the Cape in the 17th and 18th centuries, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 1 (1), Jan. 1984p. 18.
30. J. HOGE, Geneeskunde aan die Kaap in die 17de en 18de eeu, *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* V(3), Febr. 1949, p. 78.
31. KAB: MOOC 14/40 (Kasboek van Jan Hassing).
32. KAB: MOOC 14/143.
33. C.G. BOTHA, *Social life in the Cape Colony* (Cape Town, 1970). p. 55.
34. KAB: MOOC 14/203.
35. KAB: MC14; MOOC 14/203.
36. KAB: CO 36(2).
37. KAB: MOOC 14/203.
38. E.H. BURROWS, *A history of medicine in South Africa* (Cape Town, 1958), pp. 64, 97, 101.
39. E.M. SANDLER, Lichtenstein se inentingsreis 1805, *Byvoegsel tot die Suid-Afrikaanse Mediese Tydskrif*, 20 April 1974.
40. J. CELESTINE PRETORIUS & P.J. PRETORIUS, Siektes aan die Kaap gedurende die 17de en 18de eeu, *Geneeskunde* 23(5), Mei 1981, p. 279.
41. KAB: MOOC 14/203.
42. KAB: MOOC 14/203.
43. KAB: MOOC 14/203.
44. D.J. POTGIETER (hoofred.), *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* 9 (Cape Town, 1973), p. 137.
45. C.J. BEYERS (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV* (Pretoria, 1981). p. 526.
46. KAB: MOOC 14/203.
47. C.J. BEYERS (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woerdeboek IV* (Pretoria, 1981), p. 526.
48. Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad: MSB240.
49. J. CELESTINE PRETORIUS & P.J. PRETORIUS, Siektes aan die Kaap gedurende die 17de en 18de eeu, *Geneeskunde* 23(2), Febr. 1981, p. 85.
50. Lys van patente medisyne, *Suid-Afrikaanse Mediese Tydskrif*. Junie 1957.
51. L.C. VAN OORDT, Afrikaanse vertaling van dr. J.F. Häszner se *Huislyk Geneeskundig Handboek*, met die titel *Mediese handboek vir die Afrikaanse huisgesin deur J.F. Häszner*, Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad, p. 60. (Hierna Mediese handboek)
52. Mediese handboekp. 132.
53. Mediese handboek, p13 1.
54. Mediese handboekp. 83.
55. P.W. LAIDLIER & M. GELFAND, *South Africa. Its medical history 1652–1898* (Cape Town, 1971) pp. 51-52.
56. Mediese handboekp. 84.
57. Mediese handboekp. 94.
58. Mediese handboek, pp24, 26, 27, 80.
59. P.J. VAN DER MERWE, *Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657–1842)* (Kaapstad, 1938). pp. 226-230.
60. H. LICHTENSTEIN, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806* (Van Riebeeckvereniging, Kaapstad, 1928), p. 445.
61. Mediese handboekp. 26.
62. Mediese handboekp. 43.
63. Mediese handboekp. 122.
64. Mediese handboekp. 43.
65. Mediese handboekp. 122.
66. Mediese handboekp. 43.
67. Mediese handboekp. 150.
68. Mediese handboekp. 96.
69. Mediese handboekp. 187.
70. Mediese handboekpp98 en 100.
71. Mediese handboekp. 97.
72. Mediese handboekp. 118.
73. Mediese handboekp. 15.
74. Mediese handboekp. 142.
75. Mediese handboekp. 15.
76. Mediese handboek, p. 89.
77. H. LICHTENSTEIN, *Travels in Southern Africa* (VRV, Kaapstad, 1928), p. 445.
78. Mediese handboek, p. 43.
79. Mediese handboek, p. 44.
80. H. LICHTENSTEIN, *Travels in Southern Africa* (VRV, Kaapstad, 1928), p. 445; P.J. VAN DER MERWE, *Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657–1842)* (Kaapstad, 1938), p. 234.
81. P.J. VAN DER MERWE, *Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie 1657–1842* (Kaapstad, 1938), p. 236.
82. Mediese handboek, p. 104.
83. Mediese handboek, p. 155.
84. Mediese handboek, pp. 161-2.
85. Mediese handboek, p. 187.
86. Mediese handboek, p. 144.
87. Mediese handboek, p. 190.
88. B. BOOYENS, *Bronwaters van genesing* (Kaapstad, 1981), p. 23 en verder.
89. R. PERCIVAL, *An account of the Cape of Good Hope* (London, 1804). pp. 151-157.
90. J.L.M. FRANKEN, *Duminy-dagboeke* (Van Riebeeckvereniging, Kaapstad, 1938). pp. 103-110.
91. KAB: MOOC 14/203.
92. KAB: MC 14.
93. H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806* (VRV, Kaapstad, 1928), p. 452.
94. W.J. BURCHELL, *Travels in the interior of Southern Africa* (London, 1822). p. 95.
95. W.J. BURCHELL, *Travels in the interior of Southern Africa* (London, 1822), p. 98.
96. W.J. DE KOCK & D.W. KRÜGER (eds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woerdeboek II* (Kaapstad/Johannesburg, 1972), p. 844.
97. B. BOOYENS, *Bronwaters van genesing* (Kaapstad, 1981). p. 42.
98. B. BOOYENS, *Bronwaters van genesing* (Kaapstad, 1981), p. 42.
99. B. BOOYENS, *Bronwaters von genesing* (Kaapstad, 1981), p. 40.
100. J.L.M. FRANKEN, *Duminy-dagboeke* (Van Riebeeckvereniging, Kaapstad, 1938). p. 110.
101. KAB: MOOC 14/143.
102. KAB: MOOC 14/203.
103. B. BOOYENS, *Bronwaters van genesing* (Kaapstad, 1981), p. 40.
104. KAB: MOOC 14/143.
105. KAB: A137 (Duminy Aanwins)
106. KAB: MOOC 14/143.
107. Inligting Caledon Museum, 16.03.1992.
108. A. SPARRMAN, *A voyage to the Cape of Good Hope . . . 1772–1775* (VRV, Kaapstad, 1975), p. 153; W.J. BURCHELL, *Travels in the interior of Southern Africa* (London, 1822), p. 98; C.I. LATROBE, *A journal of a visit to South Africa* (London, 1821), p. 106.
109. A. SPARMANN, *A voyage to the Cape of Good Hope . 1772–1775* (VRV, Kaapstad, 1975), p. 153.
110. KAB: Inkomende brieue Stellenbosch 10/166.
111. II. J.C. PRETORIUS & P.J. PRETORIUS, Siektes aan die Kaap tydens die 17de en 18de eeu, *Geneeskunde* 24(8), Aug. 1982, p. 691.
112. J.L.M. FRANKEN, *Duminy-dagboeke* (Van Riebeeckvereniging, Kaapstad, 1938), p. 110.
113. A. SPARMANN, *A voyage to the Cape of Good Hope . . . 1772–1775* (VRV, Kaapstad, 1975), p. 153.
114. W.J. BURCHELL, *Travels in the interior of Southern Africa* (London, 1822), p. 95.
115. C.I. LATROBE, *A journal of a visit to Southern Africa* (London, 1822), p. 108.
116. KAB: MOOC 14/143; I.BALIE, *Die geskiedenis van Genadendaal 1738–1938* (Kaapstad/Johannesburg, 1988), p. 45.
117. E.H. BURROWS, *A history of medicine in South Africu* (Cape Town, 1958), pp.60–63.
118. J. HOGE, Personalia of the Germans at the Cape 1652–1806, *Argiejaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, Jg.9 (Kaapstad, s.j.), p. 76.
119. P.J. VENTER, Die eerste vroedkundige skool in Suid-Afrika, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Geneeskunde*, Mrt 1935.
120. KAB: MOOC 14/143.
121. KAB: MOOC 14/143.

122. J.L.M. FRANKEN, *Duminy-dagboeke* (Van Riebeeckvereniging, Kaapstad, 1938), p. 1.
123. C.C. DE VILLIERS & C. PAMA, *Geslagsregisters van die ou*

- Kaapse families* (Kaapstad, 1981), p. 780.
124. Mediese handboek (Häsner), p. 137.
-